# Hoofstuk 13
# Suid-Afrika het talent!

## Luister en Praat
*KABV bl. 19-27*

### Aktiwiteit 13.1 Luister na ’n liedjie en ’n voorlesing
**Pre-luister**
Verduidelik aan die leerders dat jy vir hulle ’n gedig gaan speel wat getoonset is. Dis die stem van Eva Mouw, ’n kunstenaar woonagtig in George in die Wes-Kaap. Die videoskakel is: https://www.youtube.com/watch?v=DsholB8g4qE.

Skryf die volgende vrae op die bord:

1. Waaroor dink die vrou in die video? Gee jou mening.
2. Beskryf haar oë.
3. Beskryf die trek om haar mond.
4. Watter sin herhaal die sangeres?
5. Watter atmosfeer skep die ritme van hierdie liedjie?
6. Gee EEN WOORD om die tema van hierdie liedjie vas te vat.

**Tydens luister**
Stop die video net voordat Eva begin sing. Vra leerders om notas oor die vrou in die video se oë, die trek om haar mond te maak. Laat hulle neerskryf wat hulle dink die rede vir haar gesigsuitdrukking is. Speel nou die liedjie verder. Laat leerders neerskryf hoe die liedjie hulle laat voel. Hulle moet ook luister of hulle kan vasstel waaroor die liedjie handel.

**Post luister**
Leerders vergelyk hulle antwoorde op die vrae in groepe. Hulle kies ’n woordvoerder vir elke groep om terugvoering te gee oor hulle groep se antwoorde op die vrae.

**Moontlike antwoorde:**
1. Sy dink aan iets hartseers wat met haar gebeur het.
2. Haar oë lyk hartseer, verlangend; vol pyn.
3. Daar is ’n hartseer trek om haar mond.
4. Die vrou het stil geword.
5. Ritme skep ’n hartseer, nostalgiese atmosfeer.
6. Hartseer

## Lees en Kyk

### Evalueer die boodskap van ’n gedig

### Aktiwiteit 13.3 Tema van ’n gedig uitlig en evalueer
**Memorandum**
13.3.1 Waaroor handel die “verhaal” in hierdie gedig? (1) [DV2]
*’n Vrou wat vergeefs wag.*
13.3.2 Waarmee word die tyd wat verbygaan, in strofe 1 vergelyk? (1) [DV2]
*Die aarde wat deur ’n spiraal gly.*
13.3.3 Hoe weet ons die wagtyd was nie net altyd sleg vir die vrou nie? (1) [DV3]
*Sy kon soms nog rede gehad om te lag (en te hoop).*

13.3.4 Watter invloed het die wagtyd op die vrou gehad volgens reël 1? (1) [DV1]
*Sy het stil geword.*
13.3.5 Hoe het die vrou, volgens strofe 2, dit reggekry dat niemand geweet het dat sy wag nie? (1) [DV1]
*Sy het doodgewoon opgetree. (Sy het voorgegee dat alles reg is.)*
13.3.6 Waaruit lei ons af dat die vrou nie gerus gevoel het om so te wag nie? (1) [DV3]
*Daar was soms wanhoop by haar.*
13.3.7 Wat bedoel die digter met die woorde: "Verlange word aanvaarding, langsaamaan"? (1) [DV3]
*Sy het stadig begin aanvaar dat verlange deel van haar sou bly.*
13.3.8.1 Hoe ervaar die vrou hoop terwyl sy wag? (1) [DV4]
*Sy dink miskien dat dit waarvoor sy wag, binnekort gaan realiseer.*
13.3.8.2 Hoe ervaar sy wanhoop terwyl sy wag? (1) [DV4]
*Sy besef miskien dat sy verniet wag.*
13.3.9 Verduidelik die laaste twee versreëls van na die dubbelpunt af in jou eie woorde. (1) [DV3]
*Die vrou se stilte en innerlike krag was ten slotte haar skoonheid en dit was ŉ skoonheid veel groter as skoonheid van dít waarop sy gewag het.*

**Totaal: 10 punte**

**Lees en kyk**

**Aktiwiteit 13.4 Lees vir begrip**

**Memorandum**

13.4.1 Waar is Brenda gebore? (2) [DV1]
*Langa (1), Kaapstad (1)*

13.4.2 Is die volgende stellings WAAR of ONWAAR? Motiveer telkens jou antwoord.
13.4.2.1 Brenda se pa het 'n groot invloed op haar sangloopbaan gehad. (1) [DV3]
*Onwaar. Sy het haar pa reeds op 2-jarige ouderdom verloor.*
13.4.2.2 Brenda het 'n familienaam gehad. (1) [DV3]
*Onwaar. Sy is na 'n Amerikaanse sangeres vernoem.*

13.4.3 Hoe het Brenda verseker dat sy die ondersteuning van haar mense behou? (2) [DV3]
*Sy het dikwels die townships besoek en haar uitgespreek (deur haar liedjies) teen hulle haglike omstandighede.*

13.4.4 Kies die korrekte woord vanuit die teks:
Brenda Fassie het gereeld vir **________** gegaan om haar dwelmverslawing hok te slaan. (1) [DV2]
*behandeling/rehabilitasie*

13.4.5 Waarom dink jy, het haar familie die werklike rede vir haar dood weggesteek? (1) [DV4]
*Hulle was skaam om te erken dwelms was die oorsaak van haar dood. (of soortgelyk)*

13.4.6 "Haar toestand was voorbladnuus in alle koerante in SA." Gestel jy was 'n koerantskrywer. Watter opskrif sou jy vir jou berig gee oor die nuus dat Brenda sterwend in die hospitaal is? (1) [DV5]
*SA se Madonna ernstig siek/SA rou oor Afro-koningin (Of soortgelyk)*

13.4.7 Gestel jy kon vir Brenda in die hospitaal gaan besoek. Wat sou jy graag vir haar wou sê oor haar musiek? (1) [DV5]
*Ek sou vir haar wou sê dat haar musiek meer gesê het as baie aktiviste se toesprake. (Of soortgelyk)*

## Skryf en aanbied

**Huldeblyk**
**Aktiwiteit 13.5 Skryf ’n huldeblyk**

Verduidelik aan die klas wat die verskil tussen ’n doodsberig (*orbituary*) en ’n huldeblyk (*tribute*) is.

Hier is ’n voorbeeld van ’n huldeblyk.

**Brenda Fassie**

**3 November 1964 – 9 Mei 2004**

Ons is vandag bymekaar om hulde aan Brenda Fassie te bring. Brenda is in Kaapstad gebore, maar het op 16-jarige ouderdom Johannesburg toe getrek waar sy jare later oorlede is. Sy word deur haar ouers en broers oorleef. Die begrafnis vind op 13 Mei 2004 in Soweto plaas.

Brenda se roemryke musiekloopbaan het op 16-jarige ouderdom begin. Sy het verskeie toekennings vir haar musiek ontvang. Brenda was baie bekend vir haar omgee vir die mense in die townships en baie van haar musiek het sy spesifiek vir die inwoners van die townships geskryf.

Me. Fassie het ’n verbete stryd teen dwelmverslawing gestry. Sy het verskeie kere probeer om haar loopbaan weer op dreef te kry, maar haar siekte het altyd in haar pad gestaan.

Ons onthou vandag vir me. Fassie vir haar besonderse talent en vermoë om musiek te maak wat haar aanhangers geniet het.

(149 woorde)

Leerders skryf vervolgens hul eie huldeblyk van Brenda Fassie deur van die inligting te gebruik wat in die biografie verskaf is. Die huldeblyk is ’n lang transaksionele teks; daarom moet die skryfstuk 120–150 woorde bevat.

Lê weer klem op skryf as ’n proses: beplanning, hersiening, redigering, proeflees en aanbieding.

## Taalstrukture en -konvensies

**Figuurlike taal: idiomatiese uitdrukkings en vergelykings**

**Aktiwiteit 13.6 Idiomatiese uitdrukkings**
**Pre-lees**
Jy gaan vir die klas ’n kortverhaal, *Twee pelle, ’n oom en ’n antie*, deur Thomas Deacon voorlees of die opname van RSG speel. Jy kan die opname aanlyn luister by:
http://www.rsg.co.za/images/upload/sound/klanke/20121106_KORTOM.mp3
Daarna gaan jy die idiomatiese uitdrukkings in die kortverhaal bespreek.

**Aktiwiteit 13.7 Idiomatiese uitdrukkings en woordeboekgebruik**
Rangskik die verhaalgebeure in die korrekte volgorde.

13.7.1 C, D, A, F, E, B (6)

13.7.2

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 13.7.2.1 | ’n Bok vir sports | E | Jy is altyd reg vir pret. |
| 13.7.2.2 | Goed opgewarm wees | B | Jy het baie gedrink. |
| 13.7.2.3 | Met die deur in die huis val | A | Jy begin dadelik praat oor wat jy wil sê. |
| 13.7.2.4 | Kry stank vir dank | D | Jy kry nie erkenning vir die goeie daad wat jy gedoen het nie. |
| 13.7.2.5 | Word in die gesig gevat | C | Jy word sleg behandel. |

13.7.3 Vul die ontbrekende woorde in om die uitdrukking te voltooi.
13.7.3.1 Dis ’n baie ou motortjie. Hy kom uit die jare **toet**. (1)
13.7.3.2 Iemand het hangwange soos ’n **hans muskiet**. (1)
13.7.3.3 Iemand het ’n regaf gesig soos ’n **dors kameel**. (1)
13.7.3.4 Jy sing dat **hoor en sien** vergaan as jy baie hard sing. (1)
13.7.3.5 As jy vinnig teen die bult moet uitry, moet jy **vet** gee teen die bult uit. (1)
13.7.3.6 Nog ’n manier om aan te dui dat jy vinnig moet ry, is as iemand sê jy moet die **lepel** trap. (1)

13.7.4 Vra leerders om hul idiome op A4-velle te teken. Dit kan as klasversierings dien. (*Geen punte word hier toegeken nie.*)

13.7.5 (fig.) Sorgeloos baie gebruik (1)

13.7.6.1 pankop: persoon sonder hare; persoon met ’n bles (1)
13.7.6.2 swets: vloek (1)

13.7.7.1 HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (1)
13.7.7.2 RSVP: Antwoord asseblief (1); asb.: asseblief (1); Des.: Desember (1); Di.: Dinsdag (1)

**Totaal: 25 punte**

## Taalstrukture en -konvensies

### Aktiwiteit 13.9 Spelpatrone [individual work]

Nadat jy m.b.v. die PowerPoint–aanbieding al die spelreëls hersien het, gaan leerders nou aktiwiteit 13.9 skriftelik doen.

**Memorandum**
13.9. 1 Gee die korrekte spelling. (1)
*reel – reël*
13.9.2 Skryf die woord uit met die korrekte klemtekens daarop. (1)
*Daar – Dáár*
13.9.3 Gee die korrekte spelling. (1)
*wereld – wêreld*
13.9.4 Skryf die sin oor en vul TWEE kommas in. (1)
*Sy produksie***,** Finding Emo**,** *vertel juis die storie van sy grootwordjare op die Kaapse Vlakte.*

13.9.5 Gee die meervoud. (1)
*hospitaal – hospitale*
13.9.6 Gee die meervoud. (1)
geleentheid – *geleenthede*
13.9.7 Verbeter die spelfout. (1)
*skaam skaam – skaam-skaam*
13.9.8 Skryf die onderstreepte deel oor met die korrekte hoofletters. (1)
*Nelson Mandela*
13.9.9 Gee die verkleinwoord. (1)
*vertoning – vertoninkie*
13.9.10 Gee die intensiewe vorm. (1)
*bang – doodbang*
13.9.11 Gee die korrekte spelling. (1)
*mes steek – messteek*
13.9.12 Gee die verkleinwoord. (1)
*leerbaadjie – leerbaadjietjie*
13.9.13 Gee die meervoud. (1)
*ouma – oumas*
13.9.14 Skryf die onderstreepte deel oor en vul die korrekte verkleinwoord en meervoud onderskeidelik in. (1)
*foto'tjies en video's*
13.9.15 Gee die korrekte meervoud. (1)
*span – spanne*

**Totaal: 15 punte**